Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

TOTALE PUNTE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

TOERISME

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye en 'n Bylaag van 6 bladsye (i–vi). Kontroleer asseblief dat jou vraestel volledig is. Die Bylaag bevat die volgende:
   - BYLAAG A: Suid-Afrika se groeiende werkloosheid
   - BYLAAG B: Wêreldtydsonekaart
   - BYLAAG C: FTTSA akkrediteer Buccaneers Lodge
   - BYLAAG D: Opstel rubriek
   - BYLAAG E: Konsepkaart rubriek
2. **Beantwoord AL ses vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die spasie hierbo te skryf.** Die Bylaag moet ook ingelewer word om nasien te vergemaklik.
3. 'n Nie- grafiese, nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word. Toon alle berekeninge.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Gee spesiale aandag aan spelling en sinstruktuur.
6. Kandidate moet kleurpenne gebruik om die konsepkaart te voltooi.
7. Die konsepkaart moet op twee leë A4-bladsye langs mekaar gekonstrueer word.
8. Een blanko bladsy (bladsy 24) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsy. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan, indien jy hierdie bykomende spasie gebruik.

VRAAG	PUNTETOEKENNING	PUNT BEHAAL	MODERASIE	GEMIDDELDE TYD PER VRAAG
1	**34**			30 minute
2	**24**			21 minute
3	**47**			42 minute
4	**35**			31 minute
5	**30**			28 minute
6	**30**			28 minute
Totaal	**200**			180 minute

N12TOUR-1-A

IEB Copyright © 2025

VRAAG 1

Verwys na **BYLAAG A** om jou te help om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Watter provinsie het die hoogste amptelike werkloosheidskoers in Suid-Afrika in die eerste kwartaal van 2024 gehad?

(1)

1.2 Hoe kan 'n hoë werkloosheidsyfer die toerismebedfryf in 'n provinsie affekteer?

(3)

1.3 Bespreek die moontlike impak van werkloosheid op plaaslike besighede en besienswaardighede in die Oos-Kaap.

(3)

1.4 Watter TWEE provinsies het die grootste werksverliese in die eerste kwartaal van 2024 aangeteken? Verskaf die name van die provinsies saam met die aantal poste wat in elke provinsie tot niet gemaak is.

(4)

IEB Copyright © 2025

1.5 1.5.1 Volgens die bron, watter provinsie het die laagste WERKLOOSHEIDSKOERS in die land gehad?

(1)

1.5.2 Verskaf 'n moontlike rede vir die lae werkloosheidsyfer in die provinsie.

(2)

1.6 Hoe vergelyk die indiensnemingssituasie in die Wes-Kaap met die nasionale gemiddeld oor die afgelope tien jaar?

(1)

1.7 Met inagneming van die huidige tendense, watter strategieë kan toerisme-owerhede in provinsies met hoë werkloosheid aanneem om indiensneming deur toerisme te bevorder?

(4)

IEB Copyright © 2025

1.8 Met verwysing na BYLAAG A, kategoriseer die huidige situasie in Suid-Afrika.

(1)

1.9 Identifiseer DRIE kenmerke wat met hierdie tipe situasie geassosieër word.

(3)

1.10 Bespreek hoe werkloosheid die BBP beïnvloed.

(5)

IEB Copyright © 2025

1.11 1.11.1 Verduidelik hoe 'n toename in die BBP die gemeenskapsontwikkeling sal beïnvloed.

(4)

1.11.2 Verduidelik kortliks wat 'n *toerisme vermenigvuldigereffek* is.

(2)
[34]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 2

2.1 Bestudeer die inligting in die wisselkoerstabel hieronder en gebruik dit om die vrae wat volg te beantwoord.

Suid-Afrikaanse rand	BKK	BVK
VSA dollar	18,74	18,81
Euro	20,30	20,46
Britse pond	23,78	23,90

Koerse soos op 30 Mei 2024
[Bron: <https://www.x-rates.com/table/?from=ZAR&amount=1> (Verkry 28.2.2024)]

2.1.1 Verduidelik hoekom die waarde van sommige lande se geldeenhede laer is as ander.

(4)

2.1.2 'n Paartjie van Miami, Florida, het in Suid-Afrika aangekom om hul familie te besoek. Hulle het $25 000,00 spandeergeld saamgebring. Hulle gaan na die plaaslike FNB om hul geld vir ZAR om te ruil. Bereken hoeveel ZAR hulle vir hul USD gekry het.

Toon alle berekeninge.

(4)

IEB Copyright © 2025

2.1.3 Voordat hulle na die VSA vertrek, ruil hulle R1 200,00 terug na USD. Bereken hoeveel USD hulle sal ontvang.

Toon alle berekeninge.

(4)

2.1.4 Gee 'n rede waarom die een kolom se koers op die wisselkoerstabel hoër is as die ander.

(2)

2.2 Verduidelik die effek van Suid-Afrika se swak geldeenheid op die toerismebedryf.

(2)

2.3 Verduidelik wat met die BBP bedoel word.

(2)

IEB Copyright © 2025

2.4 Verduidelik die impak wat 'n sterk BBP op 'n land het.

(3)

2.5 Stel DRIE geskikte betaalmetodes vir toeriste voor.

(3)
[24]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 3

Bestudeer die prentjie hieronder en antwoord die vrae wat daarop volg.

Een van die geleenthede wat gebruik word om Suid-Afrika as 'n bestemmingskeuse te bemark:



[Bron: <https://www.wtm.com/africa/en-gb.html_> Verkry 12 Mei 2024]

IEB Copyright © 2025

3.1 3.1.1 Verduidelik hoe bemarkingsinisiatiewe soos hierdie in Suid-Afrika befonds word.

(3)

3.1.2 Beskryf die rol van SAT.

(3)

3.1.3 Noem TWEE geleenthede om Suid-Afrika internasionaal te bemark.

(2)

3.1.4 Identifiseer TWEE sterkpunte en TWEE bedreigings vir die WTM (*World Travel Market).*

(4)

IEB Copyright © 2025

3.1.5 Skep 'n bemarkingsmengsel vir die WTM deur gebruik te maak van enige 7P's van die bemarkingsmengsel.

(14)

3.2 Noem TWEE nadele van "bo-die-lyn" bemarking.

(2)

3.3 Noem TWEE voordele van "onder-die-lyn" bemarking.

(2)

3.4 Bespreek die belangrikheid van spanwerk in die uitvoering van die WTM.

(4)

IEB Copyright © 2025

3.5 Noem en beskryf kortliks die verskillende fases van groepsgedrag wat verwag kan word wanneer die WTM beplan en uitgevoer word.

(5)

3.6 Hoe kan 'n gedragskode vir die werknemers by die WTM waarde tot die span toevoeg?

(3)

IEB Copyright © 2025

3.7 3.7.1 Skep 'n kort SSBG analise van die WTM.

(4)

3.7.2 Noem EEN teenmaatreël vir die bedreiging wat jy in Vraag 3.7.1 geïdentifiseer het.

(1)
[47]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 4

Verwys na **BYLAAG B: DIE WÊRELDTYDSONEKAART**, om jou te help met die beantwoording van die volgende vrae.

4.1 'n Vrou in Perth, Australië, het 'n besigheidsoproep met iemand in Londen, Engeland. Die oproep is geskeduleer vir 10 November om 14:00 Londense tyd. Bereken die tyd wat sy die oproep vanuit Perth moet maak. Toon al die berekeninge. DBT word nie waargeneem nie.

(3)

4.2 'n Groep vriende van Los Angeles gaan op 16 Maart 2025 om 10:00 na Suid-Afrika vertrek op 'n 20-uur vlug. Bereken die plaaslike datum en tyd van hul aankoms in Suid-Afrika. Los Angeles volg DBT. Toon al die berekeninge.

(6)

4.3 Noem VIER simptome van vlugvoosheid.

(4)

IEB Copyright © 2025

4.4 Verskaf DRIE maniere om die simptome van vlugvoosheid te verminder.

(3)

4.5 Verskaf 'n definisie vir *DBT*.

(3)

4.6 Onderskei tussen *vlugvoosheid* en *vlugmoegheid*.

(2)

4.7 Verduidelik die belangrikheid van die IDL in reisbeplanning deur 'n voorbeeld te gee.

(4)

IEB Copyright © 2025

4.8 Verduidelik die volgende konsepte:

4.8.1 Tydsones

(2)

4.8.2 Greenwich Meridiaan

(2)

4.9 Adviseer die groep vriende van Los Angeles oor wat om te verwag wanneer hulle deur die twee-kleurige doeanekanale beweeg en noem twee items wat hulle mag bring.

(6)
[35]

VRAAG 5 OPSTEL

Verwys na **BYLAAG C: FTTSA SERTIFISEER BUCCANEERS LODGE** om jou te help met die beantwoording van die volgende vrae.

Analiseer of Buccaneers Lodge 'n suksesvolle besienswaardigheid is.

Skryf 'n opstel waarin jy die sukses van Buccaneers Lodge as 'n besienswaardigheid evalueer. Gebruik jou eie kennis en die voorbeelde uit die teks om jou antwoord te ondersteun.

Sluit die volgende aspekte in jou opstel in:

- Toepassing van bydraende faktore tot 'n suksesvolle besienswaardigheid.
- Vlak van sukses van Buccaneers gebaseer op die kenmerke van 'n suksesvolle besienswaardigheid.
- Beveel maniere aan waarop hulle hul sukses kan verbeter, deur te verwys na die professionele beeld van 'n maatskappy.

Verwys na **BYLAAG D: NASIENRUBRIEK VIR OPSTEL** om jou in die voltooiing van hierdie opstel te lei.

IEB Copyright © 2025

IEB Copyright © 2025

[30]

IEB Copyright © 2025

VRAAG 6 KONSEPKAART

Verwys na **BYLAAG C: FTTSA SERTIFISEER BUCCANEERS LODGE** om jou te help met die beantwoording van die volgende vrae.

Skep 'n konsepkaart waarin jy die onderlinge verhoudings tussen die belangrikheid van FTTSA en die drievoudige-basislyn toon.

Verskaf voorbeelde uit die bylaag, sowel as **jou eie kennis**, om die samestelling van jou konsepkaart te versterk.

Addresseer die volgende aspekte in jou uitleg:

- Hoe Buccaneers die drievoudige-basislyn ondersteun.
- Hoe FTTSA tot verantwoordelike en volhoubare toerisme bydra.
- Verduidelik hoe Buccaneers Lodge verantwoordelike en volhoubare toeriste kan trek.
- Maak aanbevelings hoe die bestuur dienslewering kan verbeter.
- Adviseer die bestuur aangaande suksesvolle terugvoermetodes.
- Jou verduideliking van die skakels sal jou begrip van die onderlinge verhoudings tussen die konsepte toon.

Maak seker dat jy kleur en 'n sleutel gebruik om verskillende konsepte en idees van mekaar te onderskei.

Verwys na **BYLAAG E: NASIENRUBRIEK VIR KONSEPKAART** om jou in die voltooiing van jou konsepkaart te lei.

[30]

IEB Copyright © 2025

Konsepkaart

IEB Copyright © 2025

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2025

BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2025